

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
18 Julie 1976

Onderwerp: Tiende gebod

Lees: Jakobus 1 verse 12 tot 18

Teks: Exodus 20 vers 17

Sing: Psalm 130 verse 1 en 4
Gesang 65 verse 3, 4 en 8

“Broers en Susters, ons tyd is oorwegend ingestel op die uiterlike en sigbare dinge. Die mens van die twintigste eeu oordeel op die uitwendige. Diegene wat só ingestel is, beoordeel ander op wat oppervlakkig sigbaar is in so iemand se lewe.

“Lynreg hierteenoor staan geskryf in die Woord van God aan Samuel: ‘... die mens sien aan wat voor oë is, maar die HERE sien die hart aan.’ (1 Sam 16:7)

“Broers en Susters, by God gaan dit nie om wat die mens doen nie, maar oor die innerlike gesteldheid van die hart. By God gaan dit om wat die mens in sy diepste wese is. Dit is dan ook waaroor die tiende gebod gaan: Jy mag nie begeer nie.

“God gaan ons nie eendag oordeel op grond van uiterlike goeie sedelike gedrag en getuigskrifte van eerbaarheid en onbesproke karakter nie, maar om wat ons ten diepste is; en nie wat ons voorgee om te wees nie. Jy kan nie jou naaste maar haat, solank jy dit nie toon nie; of dink wat jy wil, solank jy dit nie doen nie. Met ander woorde, jy kan nie maar begeer, solank dit nie verder gaan as ’n onskuldige ‘flirtasie’ nie.

“Broers en Susters, in die eerste nege gebooie sê God vir ons dat ons geen sonde mag doen nie. In die tiende gebod sê God jy mag ook geen sonde wil nie. Owerspel word reeds gepleeg wanneer daar nog maar net gekyk word om te begeer.

“Waar het die begeerte sy oorsprong? Die Woord van God leer ons dat dit nie van buite kom nie, maar volgens Jakobus is die oorsprong hier binne-in ons harte. Dit is waar die kettingreaksie begin. Dit is hier binne-in ons waar die beslissende slag plaasvind. Dit is hier binne waar die mens toegee aan die stem van die slang, die ou verleier.

“En die samelewing is vol van hierdie pratende slange. Hoe hard praat daardie verslawingsmiddel nie

met die slaaf nie? Daardie een vrugteboom wat jy moet vermy, se lokstem word te veel en die mens gee in. Wie kan staande bly tussen al die pratende slange van die moderne wêreld?

“Die moderne mens bid nie meer nie: ‘lei ons nie in versoeking nie’. Nee, daar is weinig wat nog vandag ’n lewe sonder versoeking begeer. Dit is juis om te midde van die legio versoekinge staande te probeer bly, wat as interessant beskou word. Dit is juis hierdie stryd wat vir baie mense die lewe ’n avontuur maak.

“Só praat die jeug. Weg met bekrompenheid. Tart die bose uit. Loop op die tou oor die afgrond. En as hulle die afgrond in stort, wie se skuld is dit dan?

“Dan word ouers dikwels verwytd; óf die regering omdat dit nie méér doen om pornografie uit te roei, óf om al die drankwinkels te sluit nie. En hiermee is die mens eintlik besig om God die skuld te gee vir al die swakhede en sondes wat daar in sy lewe is.

“Nee, sê Jesus, dit lê nie by vader, óf moeder, óf die owerheid, óf by God nie. Slegte gedagtes kom uit die mens se hart. Die toegee aan dié begeerte is eintlik ’n toegee aan jouself. Die Woord van God sê die mens is sy eie verleier.

“Dit is nie verniet nie dat Jesus sê: ‘As jou regterooog jou dan laat struikel, ruk dit uit en gooi dit weg van jou af; want dit is vir jou beter dat een van jou lede vergaan en nie jou hele liggaam in die hel gewerp word nie.’ (Matt 5:29) ‘Al hierdie booshede kom van binne uit en maak die mens onrein.’ (Mark 7:23) Daarom vra God eintlik in die tiende gebod: my seun, my dogter gee My jou hart.

“Die mens bestaan uit verskillende lae: Die boonste laag is soos ons mekaar ken. Die laag daaronder is soos ons vriende ons ken. Dan volg die laag soos ons vrou en man of kinders ons ken. Hieronder is die laag soos ons onself ken. Die laag daaronder is soos God ons ken. In die tiende gebod gaan dit oor hierdie diepste laag. Toe Paulus dit vir die eerste keer gewaag het om die gordyne van hierdie donker kamer opsy te skuif, het hy uitgeroep: ‘Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?’ (Rom 7:24) In God se teenwoordigheid was Paulus se gedagte wêreld vir hom soos ’n sterfkamer, waarin hy homself verlore gesien het.

“In die tiende gebod roep God ons om hierdie kamer skoon te maak. En Broers en Susters, laat ons dadelik sê, dit help nie om maar keer op keer te bid: Here, help my teen my begeerlikhede nie. Nee, veel

liever moet ons begin om te sê: Here, ek dank u dat u hierdie groot kragte van u skepping in my gelê het. Help my dat ek dit tot u eer sal gebruik. Dan sal daar oorwinning kom. Ons moet ophou om negatief in die stryd te wees. God roep ons om positief te wees: 'Skep vir my 'n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my 'n vaste gees.' (Ps 51:12) Dit is die navolgenswaardige voorbeeld van Dawid se gebed.

"Broers en Susters, dit gaan in die tiende gebod om 'n rein hart. Dit gaan nie oor 'n paar goeie voornemens nie. Dit is nie net 'n afstof van die kamer van my lewe nie; óf'n probeer om weg te doen met sekere dinge wat lelik, sleg en vuil in ons lewens is nie. Nee, 'n rein hart is 'n skepping van God. Die enigste hoop en redding van die mens lê nie in homself nie, maar van Bo. God alleen kan die hart verander.

"Wie dit in eerlike selfondersoek in die donkerkamer van sy lewe gewaag het, sal erken dat hy midde in die dood lê. Daar bly net een weg oor en dit is om die vensters oop te gooi sodat Jesus kan inkom. Dan verander, heilig en rig God jou begeertes. Dan gebeur: 'Verder, broeders, alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is - watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit.' (Fill 4:8) Dan neem ons gedagtes nie meer die loop na die sondige dinge nie.

"Alle begeertes los van God is 'n verterende vuur wat die mens vernietig. Só was dit in die lewe van die Samaritaanse vrou, totdat sy Jesus ontmoet het. Toe eers het die alles oorheersende begeerte in haar geword om God te verheerlik. Paulus sê: 'Want die liefde van Christus dring ons'. (2 Kor 5:14)

"God begeer ons liefde, ons terugkom, ons aanbidding en ons toewyding. Gee my jou hart en dit is alles saamgevat in die tiende gebod. Jesus Christus is en wil Emmánuel wees, God met ons. En wat begeer ons meer as dit?

"En wat myself betref, is daar een ding wat ek begeer. Dit is die dag wanneer ek my laaste sonde sal doen.

"Amen."